DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

22 Oktober 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 110: 1, 2	Sing vooraf	Ps. 73: 10, 11
Sing	Ps. 96: 1, 4, 6	Sing	Ps. 97: 1, 7
	Sb. 9-1: 1, 10, 11 (26)		Sb. 17-2: 1 - 4 (18)
	Ps. 23: 2, 3		Sb. 18-6: 1 - 5 (57)
	Sb. 7-2: 1, 2 (69)		
Skriflesing	Daniël 12: 1 - 13 Matteus 24: 15 - 31	Skriflesing	Johannes 3: 1 - 21 Openb 21: 1 - 8 ; 22:22 - 22:5 HK Sondag 22 Vraag 58
Teks	Daniël 12: 1 - 3	Teks	Johannes 3: 16 Openbaring 21: 3
Tema	**Na al die swaarkry breek die heerlike ewigheid aan**	Tema	**Die ewige lewe nou en hierná**
Katkisasie-opening: Skrifberyming 12-3: 1, 2 (72)			

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Lidmate word dringend versoek om asseblief alle uitstaande lidmaatinligting vorms so spoedig moontlik te voltooi en by die kerkkantoor in te handig of per e-pos te stuur na gkbellville@mwebbiz.co.za Kopieë is beskikbaar by die deure, in die konsistorie en in die kerkkantoor. Dit kan ook afgelaai word van die gemeente se webwerf. Ons wil graag die opdatering van die databasis finaliseer.

BASAAR

Kruip daar nog te klein klere en ou skoene agter in jou kas weg?
Staan jou boekrak vol boeke wat net stof vergader?
Jeuk jou hande om 'n koek te bak?
Maak jy dalk die lekkerste poeding in die gemeente?
Is daar speelgoed in die speelgoedkis wat jou kinders ontgroei het?

Wonder jy hoe om betrokke te raak en jou mede-lidmate beter te leer ken?

Skryf vandag nog jou naam op die plakkate in die teedrinklokaal
Donasies en baie hulp word nog benodig!
Onthou – vele hande maak ligte werk!

Produkte kan **Vrydag, 27 Oktober tussen 09h00 en 19h00** by die kerk afgelewer word. Alle hulp met die regskuif van toerusting en uitsorteer van produkte sal ook waardeer word!

Daar is ook A5-, A4- en A3-grootte plakkate beskikbaar by die deure en in die kerkkantoor. Versprei dit asseblief wyd en syd en help ons om 'n reuse-sukses van 2017 se basaar te maak!

Die koördineerders is:

Sameroeper	Jana de Bruyn
Boeke & Tydskrifte	Ben Groot
Boereworsrolle	Cobus du Plessis
Groente & Vrugte	Gert Mulder
Handwerk/Vintage/Speelgoed	Tillie Wüst
Kerrie & Rys	Kobie Coetzer
Koek & Gebak	Rea Costerus
Koeldrank	Pieter van Niekerk
Konfyt	Marie Mulder
Lekkergoed	Liana van der Walt
Middag-ete	Llen Labuschagne
Pannekoek	Lydia Uys
Plante	Lizette Opperman
Poeding	Marietjie Kruger
Teetuin	Jacqueline Meijering Marika Momberg
Wit olifant	Piet Reynecke
2de Handse Klere	Tommie Venter Emzy Venter
Bybelverspreiding	Debbie Joubert
Finansies / Sustersbestuur	Willina Cilliers

Die Teetuin koördineerders nooi u hartlik uit om tydens die basaar saam met ons 'n heerlike koppie varsgemaalde koffie en tuisgebakte koek te geniet! Om dit moontlik te maak vra ons u vriendelik om vandag nog 'n draai te maak by die teetuin plakkaat in die teedrinklokaal of skakel ons persoonlik. **Ons benodig nog baie hulp op die dag van die basaar!** Sr. Jacqueline Meijering en sr. Marika Momberg.

BYBELSTUDIE

Bellville - Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 13:4 e.v. / Aand: Handelinge 13:10 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK

Praise: For the birth of covenant child, Kaleb, to br. Jannie and sr. Hita van Wyk
Prayer: For those unemployed in the southern suburbs wards

STERKTE TOEGEWENS

Ons wens alle skoliere en studente die seën van die Here toe met die laaste eksamen van die jaar. Mag julle harde werk beloon word!

3. SUSTERS

AFSLUITING

Alle susters word hartlik uitgenooi na ons afsluiting op **Woensdag, 29 November** om 19h00. Kom geniet 'n kreatiewe aand met kaas en wyn! Skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal.

DAGBOEK

Woensdag, 8 November: vergadering word gekanselleer
Dinsdag, 14 November: Sustersbestuur (2017 & 2018) vergadering om 19h00

TEESKINKBEURTE

Vandag: Wyke **Welgelegen** (Elré Gerber), Boston 1 (vakant) en Durbanville 1 (Willina Cilliers)
Woensdag (Diakonie): Wyke **Brackenfell** (Istelle Costerus) en Parowvallei (Debbie Daling)
Volgende Sondag: Wyke **Welgemoed** (Marie de Haan), Boston 2 (Marika Momberg) en Durbanville 2 (Hilde Coetzee)

Ter viering van ds. Coen en sr. Deléne Vrey se onderskeie verjaarsdae, word u hartlik uitgenooi om ietsie soets te kom geniet saam met vandag se tee en koffie.

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Jaap Weij, Martin van der Walt, Paul Swart, Lawrence Lombard
Volgende week: Brs. Marten Daling, Ferdinand Hoffman, Jeanré Taljaard, Piet Reyneke

Ouderlinge
Vandag: Brs. Willie Buys, Gert Swanepoel, Jaco Cilliers, Willem de Haan
Volgende week: Brs. Gustaaf Costerus, Ben Groot, Freddie Scheepers, André Coetzee

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Harm du Plessis, Dewald Costerus
Volgende week: Brs. Wilhelm Groenewald, Ian Snyman

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT
Oktober: 30/10 Gordonsbaai
November: 13/11 Blouberg, 27/11 Welgelegen

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Paarl Skool	Diakonale Kas
By die deure:	Bolandse Bedieningsfonds	Bybelverspreiding

KOSTER MET VERLOF
Br. Piet Reyneke is tot 29 Oktober met verlof. Indien u tydens hierdie periode hulp of toegang tot die kerkterrein benodig, kontak asseblief br. Cassie Bester (078 458 5963) of sr. Willina Cilliers (082 738 1809).

VERGADERINGS
Basaar Kommitee
Vanaand na die erediens in die kerkgebou
Diakonie
Woensdag om 19h00 in die konsistorie
Basaar Kommitee
Volgende Sondag na die aanderediens in die kerkgebou

5. VERJAARSDAE

Vandag	Br. John Eiberg Br. Freddie Scheepers Br. Martin van der Walt Sr. Debbie van der Westhuizen
23/10	Sr. Adriana Andersen Sr. Jethie Buys Ruben Meijering (15 jaar)
25/10	Sr. Charlene Ferreira
26/10	George du Plessis (7 jaar)
27/10	Sr. Lenie Joubert Sr. Elsa Kruger Sr. Deléne Vrey
28/10	Br. Brandon Reyneke

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za